Bespreek en betaal asb by Jacqueline!

VERJAARSDAE

01/26	PJ	Gouws	Belydend	0169761445	0794928404
01/26	Anton	Redelinghuys	Belydend	0169733148	0825713365
01/31	Hannes	Smit	Belydend	0169769392	0721098989
02/01	Isabella	Buys	Belydend		0630394082

Iets Nuu(†)s

Efesiërs 4:16

Hy is immers die Hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

26 Januarie 2020

Inligting:

Gereformeerde Kerk Sasolburg. h/v Faickney en van Eckstraat

Leraar:	**Marcel Floor 0828285811**
Admin:	Colleen Koekemoer – 016-976 5094 / 082 855 4769: admin@gksasolburg.co.za
Webblad:	www.gksasolburg.co.za
Barmhartigheid:	Semone Pienaar 0846426597 epos semone1grobler@gmail.com
Geboue:	PJ Gouws – 079 492 8404
Koster:	Sandra vd Sandt 083 457 8904
Omgeekantoor:	Ma-Vry 9:00-12:00 016 976 7785 epos: omgee@gksasolburg.co.za

DIENSBEURT: BLOK C
Kollekte ONDER DIENS: Barmhartigheid
Kollekte by DEURE: NOTE KOLLEKTE: Kerkkas

MEELEWING

- Met die druk hiervan, het Nic van der Walt (0824864026) nog gewag op die uitslae van verskeie toetse met betrekking tot sy lewer.
- Frik Muller (0833265000) gaan volgende week vir behandeling vir die verkalking van are
- Poppie Reimers (0828968312) beleef baie beproewings. Haar skoonseun is ook nou met longkanker gediagnoseer
- Celeste van der Sandt (0810243572) het 'n operasie ondergaan en herstel tans tuis.

Woordbediening

Skriflesing: Open. 1:9-20 (83 AV)
Kernverse: Open. 1:12, 13a, 20c. (83 AV)

Tema: Ons verheerlikte Koning Jesus is by ons!

1. Ons beleef dikwels verdrukking in ons land, en gelowiges beleef ook verdrukking in kerke reg oor die wêreld.
2. Die gelowiges in Johannes se tyd het ook ernstige verdrukking beleef. (v. 9)
    a. Jesus laat Johannes die openbaring sien, en beveel hom ook om dit op te skryf, om gelowiges wat verdrukking beleef te bemoedig en te vertroos. (v. 11, v. 19)

Jesus laat skryf aan sewe gemeentes... 'n volheidsgetal... wat sê die openbaring is bedoel vir alle gemeentes deur alle tye. (v. 11)

3. Die eerste wat Jesus in die openbaring wys is dat Hy by (tussen) sy gemeentes is. (v. 12, 13, 20)
    a. Soms leef ons nie vanuit die werklikheid dat Jesus by ons is nie.

God is ons genadig... Hy beskryf vir ons Jesus wat by ons is... in al sy majesteit en heerlikheid in v. 12-16, sodat ons dit nooit sal vergeet nie!

4. Hoe lyk Jesus, die Koning van alle konings wat by ons is, in al sy majesteit en heerlikheid? (v. 12-16)
    a. Die lang kleed, goue band en wit hare beeld sy koninklike majesteit uit. (v. 13-14)
    b. Jesus se oë wat soos vuur vlam dui op die feit dat Hy alles sien en weet. (. 14)
    c. Jesus se voete soos geelkoper in 'n smeltoond, sy stem soos 'n groot watermassa, en die swaard uit sy mond dui alles op die feit dat Hy kom om te oordeel. (v. 15-16)
    d. As ons besef hierdie Jesus in al sy koninklike majesteit en heerlikheid is by ons, hoef ons nie moedeloos en wanhopig en alleen en uitgelewer te voel nie.
5. Maar kan ek in my sonde so naby hierdie verheerlikte Jesus wees?
    a. Johannes se reaksie as hy sy eie sondigheid en nietigheid voor die verheerlikte Jesus besef. (v. 17).
    b. Jesus se reaksie. (v. 17-18).
    c. Die implikasie vir elke ware gelowige, wat jou sonde met 'n hart vol berou voor God bely, en nie daarmee volhou nie.

Vlamvat!

Sien jou daar!

GEESTELIKE FONDASIE DAGSEMINAAR

SATERDAG 15 FEBRUARIE 2020

8:30 - 15:30

By die kerk, Bespreek voor 10 Februarie by Colleen 082 855 4769, bring 'n pen en jou Bybel

Die Geestelike Fondasie Dagseminaar gaan oor die **Bybelse Beginsels vir Gesonde Gemeentes.** Dit lê die grondslag vir die FTF Bedieningsproses deurdat dit elke lid aanmoedig om self geestelik gesond te wees sodat die hele liggaam geestelik gesond kan wees. Daar word teruggekyk na die boustene van die geloof: **gefokus op Christus,** Sy genadewerk, en die verhouding waarin ons tot die Gemeente staan.

Temas:

*Christus, Middelpunt van ons Verlange
*God bo Alles - Ons Passie
*Verstaan Genade; Bou op Genade
*Die Christen en Gemeente
*Die Mag van Kultuur in die Christen se Lewe
*Die Mag van Persoonlike Voorkeure
*Die Noodsaak van 'n Lewe van Berouvolle Bekering

KLASSIS VAALRIVIER BIED AAN: SURVIVOR JEUGKAMP:

22-25 SEPTEMBER 2020 SAVE THE DATE

KONTAK DS. WOUTER SMIT: 0827756557; OF VIR DS PETER VENTER: 0797338778
MEER INLIGTING 13 MAART 2020

OMGEEKUIERTEE - 2 FEB

Het jy al iemand ingedagte wie jy gaan nooi vir koffie/tee?
Rom 12:13: ***"Help die medegelowiges in hulle nood en lê julle toe op gasvryheid"*** Stuur 'n foto na die vroue whatsapp groep dat ons kan deel in die feestelikheid – OF as jy wil stuur vir Colleen by 0828554769 dan wys ons bietjie op die grootskerm volgende Sondag.

PANNEKOEKBAK

Saterdag 2 Feb word daar weer by Vaalpark Spar gebak. Kom ondersteun gerus teen 08:00 en 14:00